16.25 RAPPORT 18 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – EKUMENIESE LIGGAME (Artt 77, 308)

16.25 REPORT 18 – DEPUTIES ECUMENICITY – INTERNATIONAL – ECUMENICAL INSTITUTIONS (Arts 77, 308)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 4.4 verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 4.4 referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. International Conference of Reformed Churches (ICRC) (Lid)	**1. International Conference of Reformed Churches (ICRC) (member)**
Dr DG Breed en Dr HPM van Rhyn	Dr DG Breed (c) and Dr HPM van Rhyn
1.1 *Opdrag*	1.1 *Mandate*
1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.	1.1.1 The Synod is to take note with thanks of the work of the ICRC.
1.1.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die ICRC voort en die Algemene Sinode begroot vir die ICRC-ledegeld en die afvaardiging van die volgende byeenkoms in 2017.	1.1.2 The GKSA is to remain a member of the ICRC and the General Synod is to budget for ICRC membership fees and a delegation to the next assembly in 2017.
1.1.3 Die wysigings van die ICRC se grondwet soos in die Rapport vervat, word deur die Algemene Sinode goedgekeur.	1.1.3 The General Synod is to approve the amendments to the ICRC's constitutions, as set out in the Report.
Vir kennisname	*To be noted*
1.2 *Uitvoering van opdrag*	1.2 *Execution of mandate*
1.2.1 Die 9de Internasionale Conferensie van die ICRC is bygewoon deur afgevaardigdes drr DG Breed en HPM van Rhyn.	1.2.1 Dr DG Breed en dr HPM van Rhyn attended the 9th International Conference of the ICRC.
1.2.2 Die nuwe grondwet van die ICRC, wat in 2013 voorgestel is en in 2015 deur die Algemene Sinode van die GKSA goedgekeur is, is deur die ICRC aanvaar.	1.2.2 The ICRC adopted its new constitution, proposed in 2013 and approved by the General Synod of the GKSA in 2015.
1.2.3 Die besluit van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (Nederland) om die ampte vir vroue oop te stel, is lank bespreek. Aangesien dit in die grondwet van die ICRC bepaal dat lidkerke op grond van dit wat in die Skrif openbaar word, nie vroue in die ampte mag toelaat nie, is daar by wyse van stemming besluit om die lidmaatskap van die VGK(N) op te skort. Indien hulle sou voortgaan met die praktyk kan daar op die volgende konferensie besluit word om hulle	1.2.3 The decision of the Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (The Netherlands) to open the offices to women was discussed in-depth. Since the ICRC's constitution stipulates that member churches do not allow women to the offices, based on Scriptural revelation, it was voted to suspend the membership of the VGK(N). Should they uphold this decision, their membership may be terminated at the next conference.

lidmaatskap te beëindig.	
1.2.4 Die hele saak van teologiese opleiding is lank bespreek aan die hand van die Rapport van die Kommissie vir teologiese opleiding, waarvan dr DG Breed deel was.	1.2.4 The subject of theological training received great attention in reference to the Report of the Commission for theological training, in which dr DG Breed participated.
1.2.5 Die versoek dat die ICRC verantwoordelikheid vir die teologiese tydskrif *Lux Mundi* oorneem, is goedgekeur.	1.2.5 The request that the ICRC assume responsibility for the theological journal *Lux Mundi* was approved.
1.2.6 Die Diakonale Komitee het 'n staande werkswyse opgestel oor hoe om versoeke om hulp in tye van rampe van lidkerke te hanteer en die vergadering het die werkswyse aanvaar.	1.2.6 The Diaconal Committee drafted standard procedure for addressing member churches' requests for aid during times of disaster and the assembly accepted such procedure.
1.2.7 Dr DG Breed is weer as lid van die Teologiese Opleiding Komitee aangewys en ook as sameroeper.	1.2.7 Dr DG Breed was once again appointed to the theological training committee as convener.
1.2.8 Die ICRC het 'n algemene persverklaring gemaak wat in die Bylae beskikbaar is.	1.2.8 The ICRC issued a general press release, included in the appendices.
1.2.9 <u>Ledegeld</u>: Die ICRC het 'n goeduitgewerkte formule, wat ledetal en waar die kerke geleë is in ag neem, waarvolgens die GKSA $881 per jaar vir die volgende vier jaar moet betaal.	1.2.9 <u>Membership fees</u>: The ICRC calculated the GKSA's annual fee of $881 for the next four years by means of an effective formula that takes into account membership numbers and church location.
1.2.10 Die GKSA-afvaardiging het met die afvaardigings van verskillende kerke samesprekings gevoer, naamlik die African Evangelical Presbyterian Church (AEPC); Christian Reformed Churches in The Netherlands (CRCN); Free Church of Scotland (FCS); Orthodox Presbyterian Church (OPC); Presbyterian Free Church of India (PFCl); Reformed Churches of Brazil (RCB); Reformed Churches in the Netherlands (RCN); Reformed Churches of New Zealand (RCNZ); Reformed Church in the United States (RCUS); Reformed Presbyterian Church of India (RPCInd); Sudanese Reformed Churches (SRC). Daar is ook samesprekings gevoer met 'n predikant van een van die kerke wat as waarnemer bygewoon het, naamlik ds Imre Szoke van die Reformed Presbyterian Church in Central and Eastern Europe (RPCCEE) wat gemeentes in Hongarye en Roemenië het.	1.2.10 The GKSA delegation held talks with the delegations of a number of churches, namely the African Evangelical Presbyterian Church (AEPC); Christian Reformed Churches in The Netherlands (CRCN); Free Church of Scotland (FCS); Orthodox Presbyterian Church (OPC); Presbyterian Free Church of India (PFCl); Reformed Churches of Brazil (RCB); Reformed Churches in The Netherlands (RCN); Reformed Churches of New Zealand (RCNZ); Reformed Church in the United States (RCUS); Reformed Presbyterian Church of India (RPCInd); Sudanese Reformed Churches (SRC). They also spoke to a minister of one of the observer churches, namely Rev Imre Szoke of the Reformed Presbyterian Church in Central and Eastern Europe (RPCCEE) that has congregations in Hungary and Romania.
1.2.11 Uitnodigings na die volgende	1.2.11 Invitation to the next General Synod in

Algemene Sinode in 2018 is gestuur aan die Reformed Church in the United States (RCUS) en die Reformed Presbyterian Church in Central and Eastern Europe (RPCCEE) wat gemeentes in Hongarye en Roemenië het, om sodoende groter ekumeniese samewerking te bevorder.	2018 were sent to the Reformed Church in the United States (RCUS) and the Reformed Presbyterian Church in Central and Eastern Europe (RPCCEE) that has churches in Hungary and Romania, in order to promote greater ecumenical cooperation.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.11 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.11 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
2. Aanbevelings	**2. Recommendations**
2.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werksaamhede van die ICRC.	2.1 The Synod is to take note with thanks of the work of the ICRC.
2.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die ICRC voort en vaardig Deputate af om die volgende konferensie DV in 2021 by te woon	2.2 The GKSA is to remain a member of the ICRC and send a delegation to the next conference DV in 2021.
2.3 *Finansiële implikasies* Die Algemene Sinode maak uit die Administratiewe Buro se fondse voorsiening vir die betaling van die ICRC-ledegeld.	2.3 *Financial implications* The General Synod is to provide for the membership fees from Administrative Bureau funds.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 approved.**
3. World Communion of Reformed Churches (WCRC- voorheen REC/WARC), (Waarnemerstatus) Dr DG Breed (s) en Ds HS Coetzee	**3. World Communion of Reformed Churches (WCRC – previously the REC/WARC), (observer status)** Dr DG Breed (c), Rev HS Coetzee
3.1 *Opdrag* Die Deputate stuur waarnemers na die World Communion of Reformed Churches (WCRC) in 2017 en maak tydens die volgende Algemene Sinode aanbevelings oor die GKSA se deelname aan die WCRC	3.1 *Mandate* The Deputies are to send observers to the World Communion of Reformed Churches (WCRC) in 2017 offer recommendations to the next General Synod on the GKSA's participation in the WCRC.
Vir kennisname	*To be noted*
3.2 *Uitvoering van opdrag*	3.2 *Execution of mandate*
3.2.1 Agtergrond In Junie 2010 het die World Alliance of Reformed Churches (WARC) en die Reformed Ecumenical Council (REC) in Grand Rapids vergader en by die byeenkoms tot een liggaam verenig om die World Communion of Reformed Churches (WCRC) te vorm. (Die GKSA was vroeër deel van die REC maar het besluit om deel van die nuwe WCRC word nie.)	3.2.1 Background The World Alliance of Reformed Churches (WARC) and the Reformed Ecumenical Council (REC) met in Grand Rapids in June 2010 and merged into the World Communion of Reformed Churches (WCRC) at this meeting. (The GKSA was formerly part of the REC, but decided against joining the new WCRC.)
3.2.2 Konferensie	3.2.2 Conference
3.2.2.1 Vanaf 20 Junie tot 7 Julie 2017 het die WCRC se eerste sewejaarlikse konferensie in Leipzig plaasgevind	3.2.2.1 The WCRC's first seven-yearly conference took place in Leipzig from 20 June to 7 July 2017 and Rev HS

	en ds HS Coetzee het ‘n gedeelte van die Konferensie as Deputaat bygewoon. Die tema was: “Living God, renew and transform us”. Meer as 1000 afgevaardigdes uit 225 kerkverbande in 110 lande, wat ongeveer 70 miljoen Gereformeerde Christene verteenwoordig, het die Konferensie bygewoon.		Coetzee attended part of the conference as Deputy. The theme was: “Living God, renew and transform us.” More than 1000 delegates from 225 denominations in 110 countries, representing approximately 70 million Reformed Christians, attended the Conference.
3.2.2.2	‘n Dagbesoek aan Berlyn asook aan Wittenberg is gebring. Tydens die besoek aan Wittenberg is die sogenaamde “Wittenberg Witness” onderteken wat gestalte gee aan die eenheid wat tussen die Lutherse en die Gereformeerde Kerke, soos in die WCRC en die Lutheran World Federation, bestaan.	3.2.2.2	A day visit was made to Berlin as well as Wittenberg. During the visit to Wittenberg the so-called “Wittenberg Witness” was signed. It embodies the unity between the Lutheran and Reformed Churches, as existent in the WCRC and the Lutheran World Federation.
3.2.2.3	Verder het die WCRC ‘n dokument onderteken waarin hy hom “assosieer” met die Joint declaration of the doctrine of Justification (JDDJ). Laasgenoemde dokument in reeds in 1999 gesamentlik deur die Rooms Katolieke Kerke en die Lutherse Kerke onderteken terwyl die Metodiste die verklaring in 2006 onderteken het.	3.2.2.3	The WCRC also signed a document in which it “associates” itself with the Joint Declaration of the Doctrine of Justification (JDDJ). The Roman Catholic Church and Lutheran Churches signed the document together in 1999, while the Methodists did so in 2006.
3.2.2.4	Vanuit Suid-Afrika was onder andere die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk, en die Verenigende Gereformeerde Kerke teenwoordig. Daar was ook afgevaardigdes van kerke met wie ons eenheidsband het naamlik, die Christian Reformed Churches of North Amerika en die Nederlands Gereformeerde Kerke terwyl afgevaardigdes van Reformed Churches in Japan as waarnemers teenwoordig was.	3.2.2.4	The Nederduits Gereformeerde Kerk, the Hervormde Kerk and the Verenigende Gereformeerde Kerke were *inter alia* present from South Africa. There were also delegates from churches with which the GKSA has unity, namely the Christian Reformed Churches of North America and the Nederlands Gereformeerde Kerke, while delegates from the Reformed Churches in Japan attended as observers.
3.2.2.5	Verskeie resolusies is aanvaar wat die nood in die wêreld in onder andere lande soos Libanon, Sirië, Noord-Korea aanspreek. ‘n “Declaration of Faith on the Ordination of Women” is aanvaar waarin lidkerke versoek word om al die dienste in die kerk vir vroue oop te stel. Die Notules van besluite wat geneem is, is nog nie beskikbaar nie.	3.2.2.5	A number of resolutions were accepted that address the need in the world in countries such as Lebanon, Syria and North Korea. A “Declaration of Faith on the Ordination of Women” was adopted in which member churches are requested to open up all offices to women. The Minutes of these decisions are not yet available.
3.2.2.6	Rev Najla Kassab van Libanon is verkies as president van die WCRC vir die volgende termyn.	3.2.2.6	Rev Najla Kassab of Lebanon was appointed president of the WCRC for the coming term.

3.2.3 Persoonlike indrukke van die GKSA afgevaardigde: (ds HS Coetzee)	3.2.3 Personal impressions of the GKSA delegate (Rev HS Coetzee)
3.2.3.1 Dit was ‘n groot voorreg om die Konferensie by te woon. Die grote van die byeenkoms en die verskeidenheid kerke wat verteenwoordig was van oor die hele wêreld het ‘n geweldige indruk gemaak.	3.2.3.1 It was a great privilege to attend the conference. The scope of the assembly and the variety of churches represented from across the world made a huge impression.
3.2.3.2 Die helfte van die afvaardiging was vroue en ‘n groot deel mense onder die ouderdom van dertig jaar. Mense het met vrymoedigheid en openheid aan die gesprekke deelgeneem.	3.2.3.2 Half of the delegates were women and a large number of attendees under the age of thirty. Attendees took part in talks with a confident openness.
3.2.3.3 Die Skrifbeskouing en hantering tydens die Konferensie het my in baie opsigte ongemaklik gelaat. Eerstens ‘n ongemak met my eie Skrifbeskouing en hantering wat al te maklik die Evangelie net vergeestelik en nie voldoende erns maak met die fisiese boodskap van die Bybel vir ‘n wêreld in nood nie. Baie klem is gelê op die hulp aan armes en onderdruktes.	3.2.3.3 Scripture interpretation and treatment during the conference gave rise to a sense of discomfort in me. Firstly, with my own interpretation and treatment of Scripture that very easily spiritualises the Gospel and fails to seriously consider the actual message to a world in need. A great deal of emphasis was placed on aid to the poor and oppressed.
3.2.3.4 Ek was egter ongemaklik met baie sprekers en besprekings waar die klem baie sterk op die herstel van mense in hulle fisiese nood en onderdrukking gehandel het. Die Evangelie word deur baie gelees as ‘n boek wat ons oproep om die lewe hier op aarde vir ander te verbeter. Die teologie van bevryding en “Sosial Gospel” het ek as oorheersend ervaar. Die taak van die kerk word gesien as iets van ‘n “voortsetting” van Jesus se werk op die aarde. Van die verlossing uit hierdie stukkende wêreld en die verkondiging van die Evangelie van verlossing uit genade het nie veel tot sy reg gekom nie.	3.2.3.4 I was, however, somewhat discomfited by a number of speakers and discussions in which the focus was strongly directed at the recovery of people in physical need and from oppression. The Gospel is deemed by many to be a book that calls on us to improve the lives of others here on earth. The theology of liberation and a social Gospel seemed to me to be predominant. The task of the church is viewed as a kind of “continuation” of Jesus’ work on earth. Salvation from this broken world and the proclaiming of the Gospel of salvation in grace did not receive due attention.
3.2.3.5 Blykbaar kom die onderskeid in klem tussen die twee beskouings reeds in die twee organisasies waaruit die WCRC ontstaan het. Afgevaardigdes van kerke vanuit die vroeëre Gereformeerde Ekumeniese Raad het telkens ‘n beroep gedoen op die GKSA se betrokkenheid om hulle hande te sterk om dwalende tendense teen te werk.	3.2.3.5 Apparently the difference in focus between the two views was already seen in the two organisations that merged to form the WCRC. Delegates from churches of the previous Reformed Ecumenical Council repeatedly called on the GKSA’s support to counteract straying trends.
3.2.3.6 Wat werklik treffend was is die WCRC se erns in die soeke en	3.2.3.6 It was truly remarkable to see the WCRC’s serious quest for unity in the

belewenis van die eenheid van die kerk. Hoewel daar sekerlik kritiek kan wees oor hulle gebrek aan soeke na konfessionele eenheid, moes ek my telkens afvra oor hoe ernstig ek en ons as GKSA is om werklik gestalte te gee aan die eenheid van die liggaam van Christus.	church. Although their failure to seek confessional unity could well be reason for criticism, I had to ask myself how seriously I and the GKSA attend to making the unity of the body of Christ a reality.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.3.6 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 to 3.2.3.6 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
3.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)* By hierdie punt is daar 'n Meerderheids- en Minderheidsaanbeveling	3.3 *Recommendation (instruction to the next Deputies)* This point has a Major and Minor recommendation
3.3.1 Meerderheidsaanbeveling Dat die GKSA, in die lig van die beoordeling hierbo nie aansoek doen om lidmaatskap van die WCRC nie.	3.3.1 Major Recommendation The GKSA should not apply for membership to the WCRC in light of the above analysis.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.1.1 Motivering	3.3.1.1 Motivation
3.3.1.1.1 Sekere kerke met wie ons eenheidsbande het, het reeds die WCRC verlaat.	3.3.1.1.1 A number of churches with which we have unity have already given up membership with the WCRC.
3.3.1.1.2 Die algemene rigting van die WCRC, soos in dokumentasie en besluite vervat, verskil met standpunte en besluite van die GKSA.	3.3.1.1.2 The General direction of the WCRC, as found in documentation and decisions, differ from the views and decisions of the GKSA.
Besluit: Punte 3.3.1.1.1 en 3.3.1.1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 3.3.1.1.1 and 3.3.1.1.2 noted.**
3.3.2 Minderheidsaanbeveling Dat die GKSA aansoek doen om "Assosiated membership". Dit behels: "Such associate members shall share in the fellowship and programmes of the World Communion of Reformed Churches, participate on a reciprocal basis without a vote in governance, and thereby strengthen the broader Reformed family's participation in the church ecumenical".	3.3.2 Minority Recommendation The GKSA should apply for "associated membership", which entails: "Such associate members shall share in the fellowship and programmes of the World Communion of Reformed Churches, participate on a reciprocal basis without a vote in governance, and thereby strengthen the broader Reformed family's participation in the church ecumenical".
Besluit: Afgekeur.	**Decision: Rejected.**
3.3.2.1 Motivering	3.3.2.1 Motivation
3.3.2.1.1 Sodanige betrokkenheid gee aan die GKSA die geleentheid om in die komende sewe jaar nader aan die WCRC te beweeg en deel te neem aan aktiwiteite sodat daar na die Algemene Konferensie in 2021 'n beter gemotiveerde besluit geneem kan word. Gedurende die afgelope termyn was daar weinig	3.3.2.1.1 This participation offers the GKSA the opportunity to move closer to the WCRC in the next seven years and participate in activities to enable a better informed decision after the General Conference in 2021. Little contact occurred the past term and it is difficult to come to any decisions simply from attending a conference.

kontak en dit is moeilik om slegs op grond van die bywoning van ‘n kongres finale besluite te neem.	
3.3.2.1.2 Hoewel daar rede is tot kommer oor die nie-konfessionele rigting waarin die WCRC skynbaar beweeg, is dit nie moontlik om die neiging van buite die gemeenskap te positief te beïnvloed nie.	3.3.2.1.2 Although there may be reason for concern over the non-confessional direction in which the WCRC is apparently headed, it would be impossible to positively influence this trend from the outside.
3.3.2.1.3 Ons het historiese bande in die WCRC via lidkerke waarmee ons vroeër in die Gereformeerde Ekumeniese Raad saamgewerk het. Afgevaardigdes van hierdie kerke probeer ‘n sterk standpunt inneem teen ‘n Skrifbeskouing waar die Social Gospel verkondig word en waar daar al minder van die Belydenisskrifte gebruik gemaak word. Bogenoemde afgevaardigdes het ‘n beroep op die GKSA gedoen om nie weg te stap nie maar om ons invloed van binne die gemeenskap uit te oefen.	3.3.2.1.3 We have historical ties in the WCRC via member churches that also served on the former Reformed Ecumenical Council. Delegates from these churches endeavour to strongly oppose a Scripture interpretation that gives rise to proclaiming a social Gospel and the decreasing reference to articles of faith. The above delegates called on the GKSA to not walk away, but to exert influence from within this community.
3.3.2.1.4 Die WCRC is nie ‘n Sinode nie maar ‘n gemeenskap wat aan die GKSA die geleentheid gee tot groter betrokkenheid en invloed in die groter ekumeniese Gereformeerde wêreld. Wêreldwye kontak met Gereformeerde kerke kan vanuit die betrokkenheid gemaak word.	3.3.2.1.4 The WCRC is not a Synod, but a community that offers the GKSA the opportunity for greater involvement and influence in the greater ecumenical Reformed world. It would make worldwide contact with worldwide contact with Reformed Churches possible.
Besluit: Punte 3.3.2.1 tot 3.3.2.1.4 kennis geneem.	**Decision: Points 3.3.2.1 to 3.3.2.1.4 noted.**
4. World Reformed Fellowship (WRF) (Lid)	**4. Reformed Fellowship (WRF) (member)**
Dr HPM van Rhyn (s), Dr DG Breed, Prof IW Ferreira en Dr PJ Buys	Dr HPM van Rhyn (c), Dr DG Breed, Prof IW Ferreira and Dr PJ Buys
4.1 *Opdrag*	4.1 *Mandate*
4.1.1 Die GKSA bly ‘n lid van die WRF en vaardig weer af na die volgende internasionale vergadering in 2015 wat in Sao Paulo gehou sal word met die IPB en Mackenzie Universiteit as gashere.	4.1.1 The GKSA is to remain a member of the WRF and send a delegation to the next international assembly in 2015 held in Sao Paulo, hosted by the IPB and Mackenzie University.
4.1.2 Die Deputate stel aktiwiteite van die WRF bekend in die geledere van die GKSA.	4.1.2 The Deputies are to introduce the activities of the WRF to the rest of the GKSA.
4.1.3 Die GKSA gee ‘n donasie van R15 000 (Vyftien duisend Rand) aan WRF.	4.1.3 The GKSA is to offer a donation of R15 000 (Fifteen Thousand Rand) to the WRF.

Vir kennisname	*To be noted*
4.2 *Uitvoering van die opdrag*	4.2 *Execution of the mandate*
4.2.1 Dr DG Breed en dr HPM van Rhyn het die Konferensie bygewoon as afgevaardigdes van die GKSA.	4.2.1 Dr DG Breed and dr HPM van Rhyn attended the Conference as delegates of the GKSA.
4.2.2 Die Konferensie het gefokus op die wêreldwye inpak van die Reformasie en die belangrikheid van voortgesette Reformasie.	4.2.2 The Conference focused on the worldwide impact of the Reformation and the importance of continued Reformation.
4.2.3 Die volgende sprekers het die volgende temas aangespreek wat op die webwerf van die WRF beskikbaar is	4.2.3 The following speakers addressed a range of themes available on the WRF website
4.2.3.1 The relevance of the doctrine of justification by faith today – Dr Michael Horton.	4.2.3.1 The relevance of the doctrine of justification by faith today – Dr Michael Horton.
4.2.3.2 Celebrating the start not the end of the Reformation! – Dr Herman Selderhuis.	4.2.3.2 Celebrating the start not the end of the Reformation! – Dr Herman Selderhuis.
4.2.3.3 Sola scriptura then and now: until everything is accomplished – Dr DA Carson.	4.2.3.3 Sola scriptura then and now: until everything is accomplished – Dr DA Carson.
4.2.3.4 Is a “reformation“ in Islam possible? Can Islam be transformed into a religion of peace? – Dr Christine Schirrmacher.	4.2.3.4 Is a “reformation“ in Islam possible? Can Islam be transformed into a religion of peace? – Dr Christine Schirrmacher.
4.2.3.5 Biblical and reformational principles of the Christology of worship – Dr Ron Man.	4.2.3.5 Biblical and reformational principles of the Christology of worship – Dr Ron Man.
4.2.3.6 The Psalms: Gospel gateway for postmoderns – Dr Fergus Macdonald.	4.2.3.6 The Psalms: Gospel gateway for post-moderns – Dr Fergus Macdonald.
4.2.3.7 Globalization, post-secularism and sphere sovereignty – Dr Benyamin Intan.	4.2.3.7 Globalisation, post-secularism and sphere sovereignty – Dr Benyamin Intan.
4.2.3.8 The global challenges for Reformed Theological Education – Dr Mauro Meister.	4.2.3.8 The global challenges for Reformed theological education – Dr Mauro Meister.
4.2.3.9 Martin Luther and Jonathan Edwards: A correct understanding of justification by faith alone – Dr Sam Logan.	4.2.3.9 Martin Luther and Jonathan Edwards: A correct understanding of justification by faith alone – Dr Sam Logan.
4.2.3.10 God's Son as martyr: Why persecution and suffering need to return to the center of theology and dogma – Dr Thomas Schirrmacher.	4.2.3.10 God's Son as martyr: Why persecution and suffering need to return to the center of theology and dogma – Dr Thomas Schirrmacher.
4.2.3.11 Addressing atheism and neo paganism – Rev David Robertson.	4.2.3.11 Addressing atheism and neo paganism – Rev David Robertson.
4.2.3.12 Ministry in Islamic contexts – Prof dr BJG Reitsma.	4.2.3.12 Ministry in Islamic contexts – Prof Dr BJG Reitsma.
4.2.3.13 The impact of the Scottish reformation on world missions – Rev Iver Martin.	4.2.3.13 The impact of the Scottish reformation on world missions – Rev Iver Martin.
4.2.3.14 Is the Judaeo-Christian worldview	4.2.3.14 Is the Judaeo-Christian worldview of

of the Reformation relevant today? – Bishop Nazir Ali.	the Reformation relevant today? – Bishop Nazir Ali.
4.2.3.15 The promise of the Reformation for Christian politics in a global context – Prof dr Roel Kuiper.	4.2.3.15 The promise of the Reformation for Christian politics in a global context – Prof Dr Roel Kuiper.
4.2.3.16 Learning to practice visible love for Roman Catholics after the "great gulf" of the Reformation – Dr Thomas Johnson.	4.2.3.16 Learning to practice visible love for Roman Catholics after the "great gulf" of the Reformation – Dr Thomas Johnson.
4.2.3.17 Mission from the Reformation until today: abiding message, ongoing task, and changing contexts – Dr Michael W Goheen.	4.2.3.17 Mission from the Reformation until today: abiding message, ongoing task, and changing contexts – Dr Michael W. Goheen.
4.2.3.18 A mighty rushing wind. Revival and continuing reformation – Rev David Jones.	4.2.3.18 A mighty rushing wind: Revival and continuing reformation – Rev David Jones.
4.2.3.19 A Reformed hymn for the whole world – Dr Davi Gomes.	4.2.3.19 A Reformed hymn for the whole world – Dr Davi Gomes.
4.2.4 Die WRF se strategiese plan vir 2016 tot 2017 word as Bylae aangeheg.	4.2.4 The WRF's strategic plan for 2016 to 2017 is annexed as appendix.
4.2.5 Dr Davi Gomes (kansellier van die Mackenzie Universiteit) het by die afgelope WRF-vergadering by dr PJ Buys oorgeneem as die Internasionale Direkteur van WRF. Dr Buys is bedank vir die goeie werk wat hy gedoen het as Internasionale Direkteur. Hy bly steeds aan op die Hoofbestuur van die WRF en wel as die Voorsitter van die Sending en Evangelisasie Kommissie (Missions and Evangelism Commission).	4.2.5 Dr Davi Gomes (chancellor of Mackenzie University) succeeded dr PJ Buys as international director of the WRF at the last WRF assembly. Dr Buys was thanked for his good work as international director. He remains on the main management of the WRF as chairman of the Missions and Evangelism Commission.
4.2.6 Die volgende Algemene vergadering van die WRF sal DV van 8–13 Maart 2019 in Jakarta, Indonesië plaasvind. Om so 'n byeenkoms by te woon bied **'**n kosbare ervaring om met ander Gereformeerdes saam te gesels oor kerkwees vandag. Die pryse vir verblyf en etes sal so bekostigbaar moontlik gemaak word, sodat soveel moontlik van ons predikante en lidmate dit kan bywoon. Daar word selfs gewerk aan die moontlikheid dat van ons jonger mense gratis kan bly by die teologiese studentewonings.	4.2.6 The next General assembly of the WRF will DV be held from 8 to 13 March 2019 in Jakarta, Indonesia. Such an event offers the precious experience to talk to Reformed believers about being church today. The cost of accommodation and board will be kept as affordable as possible to ensure that as many as possible of our ministers and members can attend. There is also an endeavour to enable our youth to stay free of charge at theological student housing.
4.2.7 <u>GKSA lidmate betrokke by besture van die WRF</u>	4.2.7 <u>GKSA members involved at the WRF</u>
4.2.7.1 Hoofbestuur: Dr PJ Buys, prof HG Stoker, Koos Richards.	4.2.7.1 Main management: Dr PJ Buys, prof HG Stoker, Koos Richards.
4.2.7.2 Afrika-streek: Proff RS Hobyane, IW Ferreira, dr TD Mashau.	4.2.7.2 Africa region: Profs RS Hobyane, IW Ferreira, TD Mashau.
4.2.7.3 Sending en evangelisasie: Dr PJ Flip Buys.	4.2.7.3 Mission and evangelisation: Dr PJ Buys.
4.2.7.4 Teologiese opleiding: Prof HG	4.2.7.4 Theological training: Prof HG Stoker,

Stoker en dr DG Breed.	dr DG Breed.
Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.7.4 kennis geneem.	**Decision: Points 4.1 to 4.2.7.4 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
4.3 *Aanbevelings*	4.3 *Recommendations*
4.3.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werk-saamhede van die WRF.	4.3.1 The Synod is to take note with thanks of the work of the WRF.
4.3.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die WRF voort en die Algemene Sinode begroot vir die WRF-ledegeld en die afvaardiging na die volgende byeenkoms DV in 2019.	4.3.2 The GKSA is to retain membership at the WRF and the General Synod to budget for WRF membership fees and sending a delegation to the next assembly DV in 2019.
Besluit: Punte 4.3.1 en 4.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 4.3.1 and 4.3.2 approved.**
4.4 *Finansiële implikasies (Indien van toepassing)* Die Deputate mag besluit oor 'n donasie aan die WRF, met dien verstande dat dit gefinansier word vanuit die verpligte kollekte vir ekumeniese sake.	4.4 *Financial implications (if applicable)* The Deputies may decide about a donation to the WRF, with the understanding that it is financed from the compulsory collection for ecumenical matters.
Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).**
5. AEA en TEASA (Waarnemers)	**5. AEA and TEASA (observers)**
Dr HM Zwemstra (s), Prof IW Ferreira en Ds ASA de Bruyn	Dr HM Zwemstra (c), Prof IW Ferreira and Rev ASA de Bruyn
5.1 *Opdrag* Die Deputate gaan voort om kontak met die liggame te maak.	5.1 *Mandate* The Deputies are to continue making contact with such bodies.
Vir kennisname	*To be noted*
5.2 *Uitvoering van opdrag* Daar kon nie sinvolle kontak met die AEA en TEASA gemaak word nie.	5.2 *Execution of mandate* Meaningful contact could not be made with the AEA and TEASA.
Besluit: Punte 5.1 en 5.2 kennis geneem.	**Decision: Points 5.1 and 5.2 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
5.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)* Dat daar nie verdere kontak met die AEA en TEASA gesoek word nie.	5.3 *Recommendation (instruction to the next Deputies)* Further contact with the AEA and TEASA should not be sought.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
6. Theological Education in Africa (TEA)	**6. Theological Education in Africa (TEA)**
Dr HPM van Rhyn (s), Prof IW Ferreira, D PJ Buys en Prof RS Hobyane	Dr HPM van Rhyn (c), Prof IW Ferreira, Dr PJ Buys and Prof RS Hobyane
6.1 *Opdrag* Die Deputate vaardig af om die TEA konferensie in Uganda in 2015 by te woon.	6.1 *Mandate* A delegation is to be sent to the TEA conference in Uganda in 2015.
Vir kennisname	*To be noted*
6.2 *Uitvoering van opdrag*	6.2 *Execution of mandate*
6.2.1 Dr PJ Buys, proff IW Ferreira en RS Hobyane het die TEA-konferensie in 2015 bygewoon en opleiding gegee.	6.2.1 Dr PJ Buys, profs IW Ferreira and Hobyane attended the TEA conference in 2015 and offered training.
6.2.2 Dr PJ Buys en prof RS Hobyane sal	6.2.2 Dr PJ Buys and prof RS Hobyane will

die TEA-konferensie in 2017 bywoon en opleiding gee. **Besluit: Punte 6.1 tot 6.2.2 kennis geneem.**	attend the TEA conference in 2017 and offer training. **Decision: Points 6.1 to 6.2.2 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u> 6.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)* Dat betrokkenheid by hierdie liggaam gehandhaaf word en dat Deputate na die volgende Konferensie afgevaardig word. **Besluit: Goedgekeur.**	<u>*To be decided*</u> 6.3 *Recommendation (instruction to the next Deputies)* Involvement in this body should be upheld and a delegation sent to the next conference. **Decision: Approved.**